

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 97 8 Oktober 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Tirannie van die minderheid

Die GHG kyk met belangstelling na dit wat by die NHKA se 71e AKV gebeur. Daar is steeds die mikroskopiese hoop dat die NHKA weer sal terugkeer na die teologie wat ons mense getroos het op die lewensweg voor die vurk in die pad.

Groot was die verbasing toe besluit is dat die AKV nie meer op die UP se perseel sou plaasvind nie. Daar moes sekerlik baie beplanning ingegaan het om te verseker alles verloop vlot, dat die tegnologie daar kan wees ter ondersteuning van die prosesse. Daar moes sekerlik haarfyn beplan gewees het rondom die gebruik van ruimtes en wie waar gaan sit vir maksimum effek. Al daardie beplanning is nou na die *#feesmustfall* terreuraanvalle waarskynlik van die baan. Gemeentes het huisvesting naby aan die Universiteit gekry sodat afgevaardigdes min hoef te reis. Almal is deur die verskuiwing ruimskoots ontwrig. Dit, terwyl die UP 'n lang pad met die Afrikaner geloop het, terwyl baie van die afgevaardigdes alumni is en/of self kinders aan die UP het. Dit is 'n klap in die gesig van almal betrokke dat die UP nie die politieke of morele wil getoon het om anargiste vas te vat en kongresgangers se veiligheid te verseker nie. Oor die finansiële implikasies

vir die NHKA en die UP kan maar net gespekuleer word, maar skade is beslis berokken. Die lojaliteit van alumni, skenkers en ouers sal getoets word.

Waarom het dit alles gebeur? Die versoeking bestaan om te verwys na die anargie van die massas. 'n Dansende massa mense met plunder en haat in die hart, is 'n skrikwekkende fenomeen. Die indruk bestaan dat al die studente (of ten minste al die swart studente?) deel is van hierdie irrasionele aandrang op gratis verstand kry. Dit is egter nie korrek nie. Die aanlyn referendum gehou by WITS, bewys dat die getal mense wat alles tot halt wil roep, redelik (of dalk onredelik) min is. 'n Soortgelyke referendum by UP sal waarskynlik 'n persentasiepunt van selfs negentig kan oplewer. Met ander woorde, anders as in 'n ware demokrasie waar die meerderheid se wil seëvier, gebeur die teendeel hier. Dit is die terreur van 'n klein groepie wat saam met 'n "*rent a crowd*" die verloop van sake dikteer. Dit is nou maar eenmaal so dat nie alle kulture dieselfde is nie. In sommige kulture moet jy saamdans omdat jy vir jou lewe vrees, selfs al is jy deel van die meerderheid.

Dit is ironies dat die aanvaarding van 54/69 nou langs 'n ompad terugkom om dieselfde besluitnemers wat tans smeek vir integriteit

te treiter. Indien daar in 2010 eerlik opgetree is en daar nie politieke napatery bedryf is nie, sou die NHKA nou sterk standpunt kon inneem teen die ideologiese terreur agter *#feesmustfall*. Die feit dat daar toe besluit is om agter die politieke mode van die tyd aan te praat, maak dit nou moeilik om afstand te kry tussen hulself en die anargie van die dag. In 2010, na die AKV, het wyle dr Johann Steenkamp met oortuiging gestel dat die meerderheid lidmate van die NHKA nie 54/69 ondersteun het nie. 'n Stemtelling toe sou hom waarskynlik gelyk gegee het. Deur 'n kombinasie van geduld, manipulasie en emosionele druk het 'n minderheid toe 'n besluit geneem waarby 'n meerderheid moes inval, met implikasies wat nog lank nie uitgespeel het nie.

#feesmustfall word gedryf deur 'n klein minderheid wat ons land se ekonomie en toekoms nog baie meer skade gaan berokken. So is dit met enige groep wat 'n greep op mag kry. Mag korrupteer, absolute mag korrupteer absoluut. Die skade is op pad.

Die tirannie van die minderheid het nou tydens die NHKA se AKV op 'n ander manier na vore gekom, met 'n ironiese nadraai. Daar is min twyfel dat die meerderheid van NHKA lidmate op geloofsgronde, gebou op Bybelse insigte, nie homoseksualiteit goedgekeur nie. Ten spyte van die oortuiging van die meerderheid, het die klein groepie van die AKV "met oorweldigende meerderheid" besluit dat homoseksuele verhoudings goedgekeur word.

Die oneerlike manier waarop die besluit regverdig en ondersteun word, val op. Daar word verwys na 'n besluit geneem in 2007. Hierdie besluit is anders as die *ultra vires* verwysing in 54/69 wel geneem. Die bedoeling van daardie besluit oor

homoseksualiteit in 2007 was om te beklemtoon dat God se genade geen onderskeid tref nie. In die plek van 'homoseksueles' sou die kerk woorde soos 'pornografie verslaafdes', 'pedofiele', 'egbrekers' of enige ander sonde-woord kon plaas. Die bedoeling was en is dat God se genade geen spesiale kategorie skep vir mense met seksuele swakplekke in hulle mensmondering nie. Die veronderstelling bly steeds dat mense nie op hul impulse moet reageer nie. Dit is misleidend om die nuwe besluit hierop te baseer of om te beweer dat die nuwe besluit in lyn is met daardie besluit. Daardie besluit het as uitgangspunt gehad dat homoseksualiteit sonde is, maar dat mense wat hierdie impuls weerstaan nie anders as ander sondaars hanteer word nie. Hierdie nuwe besluit aanvaar dat dit aanvaarbaar is om geneigdhede uit te lewe.. Die ironiese nadraai is dat die minderheid en meerderheid in elke gemeente teen mekaar afgespeel gaan word. Die minderheid, dalk net die predikant en diè se 'lewensmaat', kan druk plaas op die meerderheid om hulle verhouding te aanvaar. Aan die ander kant kan die belange van die meerderheid die 'liefdesgeluk' van 'n paartjie in die wiele ry. Hoe lank gaan dit wees voordat dit as diskriminasie uitgewys word en die belange van die meerderheid geoffer word op die altaar van hierdie nuwe 'beginsel'? Daarmee saam is die NHKA se interne ooreenkoms dat gemeentes sonder vraag lidmate vanuit 'n ander gemeente aanvaar. Die konserwatiewe, Bybelgetroue kerkraad gaan die Gay-paartjie met hulle aangenome kinders moet aanvaar as lidmate of selfs pastorie paar. So gaan die tirannie van die minderheid indirek op die meerderheid afforseer word. En dan kom ons nog eers

nie by implikasies ten opsigte van arbeidswetgewing nie

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BONDSVERGADERING

- Die notule van die Grootvlei Bondsvergadering sal voor **14 Oktober** se **dagbestuur** vergadering gefinaliseer word. Ons beplan om tydens die vergadering die notule van die Bondsvergadering goed te keur. Bevestig asseblief u teenwoordigheid teen Dinsdag 11 Oktober.

DATUM: VRYDAG 14 OKTOBER 2016

PLEK: GEMEENTE GROOTVLEI

TYD: 10H00

VERJAARDAGDINEE

- Liewe Vriende en Mede-gelowiges,**

Die HCM-Fourie-Stigting in samewerking met die Premiermyn Hervormde Kerk en die Geloofsbond gee graag kennis van die 80ste verjaarsdagdinee vir Prof HG van der Westhuizen.

Die dinee sal DV op 25 November 2016 by die Premiermyn Hervormde Kerk in Cullinan gehou word.

Vir die besprekings is twee datums ter sake: Reserverings moet voor/op 14 Oktober 2016 by myself of by Yvette Otto gedoen word: 072 223 7522 / zyvetto@gmail.com

Die kostes van kaartjies sal na die tweede week van Oktober bekend gemaak word sodra ons 'n beter aanduiding van getalle het. Finale besprekings moet asseblief voor/op 30 Oktober 2016 gedoen word.

Ons sien uit om u daar te sien

Groete, Jaap Steenkamp

BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT

Die NHKA se besluit om homoseksualiteit goed te keur, word betreur. Die profetiese

persverklaring van 2015 oor die NGK se besluit word aangeheg om enige verskoning of verdediging deur ampsdraers en lidmate van die NHKA in die kiem te smoor. Dit mag wees dat die GHG dagbestuur kies om volgende week 'n aparte verklaring uit te reik oor die saak. Die **Staat van Belydenis** is nou ook sewe vir sewe. Daar was kritiek dat die steeds Hervormers nie homoseksualiteit as 'n sewende saak by hierdie dokument moes voeg nie. Al die sake in daardie dokument genoem staan nou as **feitlike aanklagtes teen die NHKA**. Die verkorte Staat van Belydenis word ook weer aangeheg.

VOLKSKERK

- Die NHKA se 71e AKV is ook die geleentheid waar alle walle breek. Nooit weer sal die NHKA Volkskerk kan wees nie. Die volkskerk klousule is uit die NHKA se Kerkorde verwyder. Daar kan nou reeds voorspel word dat predikante terug sal gaan na hulle gemeentes en lidmate sal kalmeer. Dieselfde taktiek as in 2010 tot 2011 sal gebruik word. Lidmate sal in kennis gestel word dat dit **elders in die NHKA anders sal wees**, maar sal dan verseker word dat **“dinge hier by ons dieselfde bly”** ... Die BAKV het bevestig dat alle AKV besluite onmiddellik bindend is op alle gemeentes.

ARGIEF

- In die Argiefbewaarpark/biblioteek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is twee **eksemplare** van **Lewensbrood**. Dit is die eerste twee uitgawes: 2013 en 2014. Dit is belangrik dat ons publikasies daar opgeneem word vir wyer kennisname. Persone wat beskik oor netjies kopieë van Lewensbrood **2015 en 2016** sowel as Koersvas en Die Skietlood – die gebundelde

uitgawes van die afgelope jare word versoek om ds Gawie Wolmarans te kontak sodat dit aan die NHKA biblioteek geskenk kan word asseblief. Om weer kopieë te laat druk, sal meer as dubbel die oorspronklike bedrag kos.

LEWENSBROOD 2017

- Die 2017 Lewensbrood is in die proses om afgerond te word. Gemeentes word vriendelik versoek om hul bestellings voor 12 Oktober te plaas. Kontant by bestelling is noodsaaklik.

Liewe lidmate en gemeentes

Dit is al weer tyd om u bestellings vir LEWENSBROOD 2017-2018 te plaas.

Hierdie boek het 'n gewilde Kersgeskenk geword en ons beplanning is van so 'n aard dat ons die produk voor middel Desember wil afstuur.

Enkele sake moet onder u aandag gebring word:

- Dit gaan vir hierdie jaar nog **R100-00** per eksemplaar kos.
- Bestellings moet **voor of op 12 Oktober 2016** geplaas word.
- Bestel genoeg eksemplare. Ons kry jaarliks versoeke vir nog eksemplare. Die koste verbonde aan die **herdruk** van die boek is meer as dubbel (**ongeveer R280-R320**)
- U moet **by bestelling reeds betaal** vir u eksemplare.
- Ons gaan geen LEWENSBROOD aanstuur sonder bewys van betaling nie.
- U word vriendelik versoek om u **betalings te maak aan die GHG.**
- Dui duidelik aan** dat die betaling vir **Lewensbrood** is. Die klein winsie wat ons maak, is net genoeg om die foie verbonde aan die Internet (webwerf en Bakkiesblad) te dek.

- Bewys van u betaling moet aan Ella gestuur word vir kontrole doeleindes. ella@geloofsbond.org.za of

ella@teamworkprinters.com

Ons sien uit daarna om weer 'n kwaliteit produk aan ons getroue lesers te stuur.

Dr Johan Otto

Voorsitter Media komitee.

GELOOFSBONDKWILT 2016

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Die kwilt is voltooi. Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.

Lootjielyste is beskikbaar en kan bestel word by Ella Joubert per adres:

ella@teamworkprinters.com.

ADVERTENSIES

CALVINISTIESE ALLIANSE

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

VAKANSIEKOMETISIE: PREMIERMYN

Ondersteun gerus Premiermyn se vakansiekompetisie en gaan rus by die Wildekus. Daar is 'n eerste, 'n tweede en 'n derde prys te wen. Twee vakansies te Port Edward of 'n week van u keuse in die Langkloof is die tweede en derde pryse.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>


Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar.
Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir
meer besonderhede.

- **Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender

- Kwitansieboeke
 - Offergawe boeke
 - Dames Kwitansieboeke
 - Konsistorieboeke
 - Reklame plakkate en ander drukwerk
- ella@teamworkprinters.com



Lewensbrood 2017-2018

R100-00

**Daar is nog net één week oor
om bestellings te plaas**

**Sluitingsdatum vir bestellings is
12 Oktober 2016**

**Plaas bestellings by Ella Joubert
geloofsbond.org.za**

**MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN
'N KANS OM EEN VAN DRIE VAKANSIES TE WEN**

**1ste Prys: 7 Dae vir 4 persone by Eden Palms,
Palm Beach, Port Edward**

**2de Prys: 7 Dae vir 4 - 6 persone by Mer Bleue,
Port Edward**

**3de Prys: 5 Dae vir 6 persone op 'n gasteplaas
naby Joubertina in die Langkloof, Oos-Kaap**

**Trekking:
13 November 2016**

**Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by
084 581 2905**